SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 31 JANUARIE 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit , stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

YOTA AANLYN OP DONDERDAG 25 FEBRUARIE

LISENSIE HERNUWING - MOET NOU NIKS DOEN NIE.

en

DIE SARL 40 M KLUB RUIT VIERKANT NAELLOOP OP 27 FEBRUARIE

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

YOTA AANLYN OP DONDERDAG 25 FEBRUARIE

Sessie 10 van die gewilde YOTA Aanlyn vind om 19:00 UTC (21:00 SAT) op Donderdag 25 Februarie plaas met die hoof onderwerp "Gaan verken!" Ons sal ons gemeenskap aan verskillende aspekte van ons algemene stokperdjie bekend stel, soos WWFF, IOTA en SOTA, met ons wonderlike gaste wat regstreeks op die program gesels. Verder sal ons ook 'n spesiale prys trekking hê nadat jy ons nuwe raaisel regstreeks op die skou opgelos het. Ons sal nog twee ICOM-handels pakkette vir die geleentheid weg gee. Ons sal weer regstreeks op ons Youtube-, Facebook- en Twitch-kanale stroom. Verder probeer ons weer via die QO-100 geostasionêre satelliet in DATV-modus stroom. Kry al die inligting op die SARL Youth Facebook-bladsy.

SARL-TOEKENNINGS EN TROFEË

Die SARL Raad het op Dinsdag aand 16 Februarie via Skype vergader om te kyk na die mosies en benoemings wat ontvang is. Twee mosies en vyf benoemings om in die Raad te dien, is ontvang. Vyftien toekennings is goed gekeur vir kompetisies, maar die SARL Jeug Kompetisie toekenning word weereens nie toegeken nie.

PEARS en die Boland ARK het nominasies ingedien vir die Erelewenslid en Jack Twine-toekennings. Slegs twee bedryfstoekennings is goed gekeur. Die lys van ontvangers van toekennings word gepubliseer in die Maart 2021 Radio ZS, sowel as in die AJV-boekie wat vanaf 7 Maart beskikbaar sal wees. Die SARL-AJV word op Saterdag 17 April 2021 gehou.

LISENSIE HERNUWING - MOET NOU NIKS DOEN NIE.

Soos in SARL Kommunikasie op 29 Januarie en SARL News op 31 Januarie 2021 meegedeel, sal die SARL kommunikeer sodra OKOSA die riglyne voltooi het vir die verskillende aksies wat nodig is om jou inligting na die nuwe aanlyn databasis oor te dra en jou lisensie te hernu.

Moet asseblief nie die SARL Kantoor, die SARL President of SARL Raadslede e-pos of bel nie. Hulle kan jou nie tans help nie. Die SARL sal jou in kennis stel en die riglyne en staps gewyse instruksies publiseer sodra dit van OKOSA ontvang is.

OPROEP VIR REFERATE VIR DIE TEGNIESE SIMPOSIUM

Die SARL Tegniese Simposium, "Ontsluit Amateur Radio Tegnologie 2021," word op Saterdag 27 Maart 2021 op die BlueJeans-platform gehou. Dit is die eerste oproep vir referate. Dien asseblief 'n kort opsomming van die voorgestelde artikel in MS Word formaat voor Vrydag 26 Februarie 2021 in by artoday@sarl.org.za. Hierdie oproep is oop vir alle radio amateurs wêreld wyd.

Die Simposium duur van 10:00 tot 14:00 SAT en die spreekbeurte is gewoonlik 20 minute met 10 minute vir bespreking en vrae. Dit is die ideale geleentheid om die projek waaraan jy gewerk het met jou mede radio-amateurs te deel en 'n geleentheid om die wêreld te wys dat tegnologie lewendig en wel is in Amateur Radio.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

KRY JOU QSL-KAARTE BY DIE WESRAND KATTEBAK VERKOPING

As jy van plan is om die Wesrand Kattebak verkoping op Saterdag 27 Februarie by te woon, kontak Willem, ZS6X by e-pos zs6wwj@gmail.com en hy sal jou QSL-kaarte van die SARL Buro saam bring.

DIE WESRAND KATTEBAK VERKOPING OP SATERDAG 27 FEBRUARIE

Die Wesrand Amateurradioklub nooi alle radioamateurs uit vir die komende kattebak verkoping op Saterdag 27 Februarie. Die hekke sal vroeër as gewoonlik om 09:30 vir almal open en handel kan om 10:00 begin. Hierdie vroeë begin word gereël om die SARL 40 m Klub Naelloop om 14:00 te akkommodeer. Al die gewone verkopers sal dit bywoon, die Wesrand Klub sal ook 'n tafel hê. Bespreek jou staan plek en tafel deur Phillip, ZS6PVT te skakel op 083 267 3853.

Let daarop dat die COVID-protokolle op die dag gevolg sal word en dat slegs die persone met 'n masker dit mag bywoon na keuring en registrasie. Ons wil net persone met 'n goeie gesondheid sonder onderliggende toestande versoek om dit by te woon en om eerder konserwatief te wees as om dit te waag.

KOMPETISIE NUUS

Die eerste SARL 40 m Klub Ruitvierkant naelloop vir 2021 vind van 12:00 tot 13:00 UTC (14:00 tot 15:00 SAT) op Saterdag 27 Februarie plaas, wat ook Internasionale Melktert Dag is. Dit is GG en foon aktiwiteit, die uitruiling is 'n RS- of RST-verslag, die naam van jou klub en jou ruitvierkant. Jy verdien twee punte per QSO, 2 punte vir elke nuwe ruitblok en 1 punt vir elke nuwe klub. Jou logboek moet teen middernag op Donderdag 4 Maart 2021 ingedien word by zs4bfn@mweb.co.za. Kry al die inligting op bladsy 65 van die 2021 Blouboek.

Die Port Elizabeth Amateurradiovereniging wil almal bedank wat deel geneem het aan die PEARS Nasionale BHF/UHF kompetisie wat gehou is van Vrydag 15 tot Sondag 17 Januarie 2021. Dankie dat jy jou logboek ingedien het! Nege logstate is ontvang vir die PEARS kompetisie.

Digitale kategorie

1ste Andre Botes, ZS2ACP - 1 762 punte – Basis stasie

2de Paul Smit, ZS6NK - 428 punte – Basis stasie

Analoog kategorie

1ste Paul Smit, ZS6NK - 9 602 punte – Basis stasie

2de die Port Elizabeth ARV, ZS2PE - 8 626 – Klub stasie

3de die Sandton ARK, ZS6STN - 2 376 punte – Klub stasie

Geen inskrywings is ontvang vir veldstasies of vir die FM-kategorie nie

Een-en-dertig logstate van ses klubs is ontvang vir die eerste skof van die SARL BHF/UHF FM kompetisie gehou op Saterdag 6 Februarie 2021.

1ste Kobus Boshoff, ZS6BOS - 12 935 punte – Veldstasie

2de Carl Minne, ZS6CBQ - 8 209 punte – Basis stasie

3de die Pretoria ARK, ZS6PTA - 6 493 punte – Basis stasie

4de Danie Schnetler, ZS6DPS 5 352 punte - Veld / multi-operateur

5de Phillip van Tonder, ZS6PVT 5 153 punte - Veld / enkel-operateur

Die uitslae van beide die kompetisies is gepubliseer in HF Happenings 937

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is daar 'n paar klein sonvlekkies sigbaar. Daar word nie sonfakkels verwag nie. Diegene wat hulle eie frekwensie voorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral smiddae goeie DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

Vandag - die ARRL DX GG kompetisie

23 Februarie - die Secunda ARK-vergadering

25 Februarie - YOTA Aanlyn-sessie 10

27 Februarie - Internasionale Melktert Dag; die SARL 40 m Ruit Vierkant naelloop; die Kaapstad ARS-vergadering en die Wesrand kattebak verkoping

6 Maart - die SARL YD Naelloop

6 tot 7 Maart - die ARRL DX ESB-kompetisie

7 Maart - die SARL Hamnet 40 m-gesimuleerde nood kompetisie

8 Maart - Internasionale Vrouedag en die Wesrand vergadering

13 en 14 - die SARL Nasionale Velddag; die SARL BHF/UHF Analoog kompetisie en die QSO Today Virtuele Ekspo

16 Februarie - die PEARS- en Grens ARK vergaderings

17 Februarie - St Patrick's Dag en die SARL 80 m Klub naelloop

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Sessie 10 van die gewilde YOTA Aanlyn vind om 19:00 UTC (21:00 SAT) op Donderdag 25 Februarie plaas met die hoof onderwerp "Gaan verken!" Ons sal ons gemeenskap aan verskillende aspekte van ons algemene stokperdjie bekend stel, soos WWFF, IOTA en SOTA, met ons wonderlike gaste wat regstreeks op die program gesels.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saam gestel deur Andy Cairns, ZS6ADY, geredigeer deur Vivian Dold, ZS6VD en gelees deur .....

Van die nuus span, die beste wense vir die week vorentoe.